

Publication: Rapport (Sport)
Publication Date: 30 Jul 2017
Page: 16

AVE: 288335.63
Circulation: 41034
Part: 1 of 1

# WÊRELDKAMPIOENSKAP: Kies-fiasko gooi 'n skadu oor SA se veldtog

Die eerste skoot klap Vrydagaand in die wêreld-atletiekkampioenskap in Londen. **Wim Pretorius** kyk na Suid-Afrika se vyf voorste medalje-aanspraakmakers.



### Wayde van Niekerk

Die Olimpiese kampioen het veral die 400 m in sy visier. Nadat Van Niekerk in 2016 by die Olimpiese Spele die wêreldrekord verbeter het, het hy alle twyfel oor sy peil vanjaar uit die weg geruim toe hy 43.62 sek. by die Diamantliga-byeenkoms in Lausanne gehardloop en Michael Johnson se byeenkomsrekord verbeter het. Die VSA se Fred Kerley (43.70) en Botswana se Isaac Makwala (43.84) sal wel in Van Niekerk se nek blaas om die 400 m-kroon. Met die SA blits wat vanjaar vir 'n dubbel mik, sal hy in die 200 m op sy stukke moet wees. Hy het in Junie die wêreld se voorste tyd gehardloop toe hy in Jamaika 'n blitsige 19.84 aangeteken het. Makwala het egter in Julie in Madrid gewys dat sy naam nie vergeet moet word nie. Hy het daar 'n tyd van 19.77 gehardloop, wat die vinnigste tyd in die wêreld vanjaar is.

■ 400-eindronde: Dinsdag 8 Aug, 22:50
■ 200-eindronde: Donderdag 10 Aug, 22:50



### Luvo Manyonga

**Manyonga het verlede jaar die silwermedalje tydens die Olimpiese Spele in Rio de Janeiro verower met 'n sprong van 8.37 m, net 1 cm agter die VSA se Jeff Henderson, wat eindelik met die goue medalje weggestap het. Sover in 2017 is hy los voor sy teenstanders. Van die toptien-afstande wat sover vanjaar gespring is, staan vyf agter die naam van Manyonga. Met sy Afrika-rekord van 8.65 m, wat hy in April in Potchefstroom gespring het, is Manyonga sonder twyfel die gunsteling om die goue medalje in dié nommer te verower. Hoewel die 26-jarige onlangs 'n besering opgedoen het toe hy die verspring by die Diamantliga-byeenkoms in Stockholm gewen het, is dié skeet iets van die verlede volgens sy breier, Neil Cornelius.**

**■ Verspring-eindronde: Saterdag 5 Aug, 22:45**



### Rushwahl Samaai

Samaai beklee tans die tweede plek op die IAAF se ranglys vir 2017, met die Suid-Afrikaner wat veral in die afwesigheid van Manyonga, wat met 'n besering op die kantlyn was, sy stem dik gemaak het. Samaai het vanjaar reeds 8.49 m gespring. Nog net Manyonga het hom geklop. Samaai het die verspringnommer tydens die Diamantliga-byeenkoms in Rabat met 8.35 m gewen, terwyl hy in Stockholm met 8.29 m tweede was (Manyonga was die wenner met 'n sprong van 8.36 m). Sy naam verskyn ook vier keer onder die toptiensprongе van 2017. Samaai sal sonder twyfel 'n aanspraakmaker wees op 'n plek op die podium in Londen.

**■ Verspring-eindronde: Saterdag 5 Aug, 22:45**



### Caster Semenya

**Dié Olimpiese kampioen sal in Londen in die 800 m en 1 500 m in aksie wees. Sy het in Rio goud in die 800 gewen. Haar deelname aan die 1 500 was aanvanklik in die weegskaal, maar sy het die appèl teen Atletiek Suid-Afrika se aanvanklike besluit gewen. Semenya sal die gunsteling wees in die 800 met 'n beste tyd van 1:55.27, wat sy in Monaco gehardloop het. Dit is ook die voorste tyd in die wêreld in 2017. Semenya hou drie van die toptientye vanjaar. Burundi se Francine Niyonsaba (1:55.47) sal seker haar grootste teenstander wees.**

**■ 1 500 m-eindronde: Maandag 7 Aug, 22:50**
**■ 800 m-eindronde: Sondag 13 Aug, 21:10**



### Akani Simbine

Simbine het seker gemaak die wêreld neem van hom kennis toe hy tydens die eerste ronde van die Diamantliga-reeks met sy sege in die 100 m stof in die oë van Jamaika se Asafa Powell, die VSA se Justin Gatlin en Kanada se Andre de Grasse geskop het. Dit sal ook in dié nommer wees wat hy goud koester. Simbine het reeds die wêreld se derde vinnigste tyd vanjaar gehardloop met sy 9.92 by Tuks se L.C. de Villiers-stadion in Maart. Trouens, Simbine het drie van die toptientye vanjaar gehardloop, met net die VSA se Christian Coleman (9.82) en Jamaika se Yohan Blake (9.90) wat al vinniger was. Hy het ook die vyfde vinnigste tyd vanjaar in die 200 m gehardloop het met sy 19.95. Dié Tuks-atleet sal wel alles in die stryd moet werp met 'n sterk lys van teenstanders wat op hom wag.

■ 100-eindronde: Saterdag 5 Aug, 22:45
■ 200-eindronde: Donderdag, 10 Aug, 22:50

**'Ons kon dit nie waag': Ou rugbesering het Sunette se droom gekelder bl. 13**

# En die goud vir naam weggooi gaan aan . . .



Wim Pretorius
**Seepkis**

As daar 'n goue medalje vir droogmaak was, het Atletiek Suid-Afrika (ASA) se keurders dit sweerlik dié week gewen.

Die aanloop tot Suid-Afrika se aanslag by die Wêreldkampioenskap, wat oor minder as 'n week begin, is oorskadu deur verdagte spankeuses en die onkunde van die plaaslike liggaam se base in die sport waar hulle as keurders optree.

Atlete vaar links en regs uit teen die klein span wat die land in Londen sal verteenwoordig, met verskeie van die gunstelinge wat weens ASA se belaglike keuringsvereistes nie ingesluit is nie.

In 2015 het die Suid-Afrikaanse span vir die byeenkoms in Beijing uit 63 atlete bestaan. Die klas van 2017 het net 27 atlete, mits daar ná afloop van die koerant se druktyd nie verder aan die span getorring word nie.

Dis welbekend dat ASA in Desember losgetrek het met sy eie, aansienlik strawwer kwalifiserende vereistes vir die Wêreldkampioenskap teenoor dié van die IAAF. En dis veral in die kortafstandnommers waar atlete ingedoen sal voel.

Twaalf atlete wat die IAAF se vereistes gehaal het, is nie deur die plaaslike federasie vir Londen oorweeg nie.

Dis egter 'n e-pos deur ASA se uitvoerende hoof, Richard Stander, wat dié week die ronde gedoen het, wat die totale onbeholpenheid van die atletiekliggaam bewoord.

Stander het die weglating van verskeie atlete, wat die IAAF se kwalifiserende vereistes gehaal het, probeer regverdig. Hy het egter die flater begaan om foutiewe ranglysposisies, asook verkeerde kwalifiserende tye, aan sekere atlete toe te dig.

Die grootste flater is dat hy die 400 m-hekkieslopers Cornel Fredericks, LJ van Zyl en Constant Pretorius se weglatings regverdig deur daarop te wys dat hul tye stadiger is as dié van die wêreld se o.18-kampioen, Sokwakhana Zazini, al het hulle die IAAF se kwalifiserende vereiste van 49.35 sek. gehaal.

Dit kom voor of Stander nie bewus is daarvan dat die hekkies in senior wedlope 91,40 cm hoog is, terwyl die hekkies vir jeugatlete (die kategorie waarbinne Zazini val) slegs op 83,80 cm gestel word nie. Die tye kan dus nie met mekaar vergelyk word nie.

Die IAAF het ook uitnodigings gestuur aan Suid-Afrikaanse atlete wat nie die kwalifiserende vereistes gehaal het nie, omdat hulle ál die bane tydens die uitdunrondes moet vul. Dit beteken dat dié atlete sal kan deelneem, terwyl ander soos Gift Leotlela en Henricho Bruintjies (albei 100 m) moet tuisbly, al het hulle die vereistes gehaal, want ASA meen hulle is nie goed genoeg om die halfeindrondes te haal nie.

ASA het, soos met die Olimpiese Spele en vorige Wêreldkampioenskappe, verskeie marathonatlete ingesluit wat nie naastenby die mas sal kan opkom nie.

Desmond Mokgobu bevind hom in die hoogste posisie van Suid-Afrika se marathonatlete. Hy lê 142ste op die 2017-ranglys. Lusapho April lê 173ste en Sibusiso Nzima tel nie eens onder die voorste 300 nie. Onder die vroue tel Jenna Challenor en Mapaseka Makhanya nie eens onder die voorste 500 in dié nommer in die wêreld nie, maar soos hul manlike eweknieë sal hulle ook op die vliegtuig na Londen klim.

By 2015 se Wêreldkampioenskap het Mokgobu 41ste geëindig, terwyl Nzima nie eens die wedloop voltooi het nie.

Verlede jaar het ASA ook 'n klomp marathonatlete vir die Olimpiese Spele Rio de Janeiro toe saamgesleep.

Daar het April 24ste klaargemaak, met Nzima in die 97ste plek. Onder die vroue het Lebo Phalula (63ste) die beste gevaar.

Aan die keersy moet Fredericks, Pretorius en Van Zyl die byeenkoms van die kassie af dophou. Fredericks is in 2014 in dié nommer as die Statebondspele se kampioen gekroon. Dié drie atlete is tans onderskeidelik 41ste, 42ste en 43ste op die wêreldranglys.

ASA het die belaglike standaard van 48.50 sek. gestel. Dié tyd is vanjaar nog net 21 keer in die wêreld gehardloop - en net deur 12 atlete.

Met verblyf en vervoerkoste wat deur die IAAF gedra word, beteken dit dat ASA nie koste as rede vir sy dom en astrante optrede kan voorhou nie.

Ná afloop van die fiasko wat die keuringsproses was, is dit eerder die grootkoppe in ASA wat moet herbesin oor of hulle enigsins die nodige kennis het om hul posbeskrywings te kan regverdig.

PEAR

This article is copyright protected and licensed under agreement with DALRO. Redistribution, modification, re-sale of this is not allowed without prior written consent of the original author of the works.

DALRO
DRAMATIC, ARTISTIC and LITERARY RIGHTS ORGANISATION (Pty) LIMITED